Vrae oor die sinergie tussen Afrikaanse en Hollandse/Vlaamse musiek

Deur Lydia van der Merwe

Sarie Tydskrif 2003

Waarom die sinergie, is dit maar omdat die tale so eenders is?

[Laurika] Toe ek op skool was, het ons Nederlandse letterkunde vir matriek bestudeer. Ek het Afrikaans/ Nederlands as hoofvak op universiteit gehad. Dis vir my vanselfsprekend dat daar 'n sinergie is, al is ons verwysingsraamwerke verskillend, want ons is met ons moedersmelk reeds blootgestel aan die Nederlandse kultuur. Sinergie werk egter nie net van een kant af nie, en ek dink die Nederlanders en die Vlaminge probeer ook nou om, na die boikotte wat jare geduur het, verlore tyd in te haal, alhoewel daar vroeër 'n organisasie, die Afrikaans-Nederlandse Werkgenootskap, as ek dit nie mis het nie, was wat oor die jare heen probeer het om verbintenisse tussen die twee lande te verstewig.

Waar en wanneer het dit begin?

[Laurika] Met die volksplanting in 1652!

Hoe sien jy die toekoms daarvan?

[Laurika] Ek dink Stef Bos (grootliks), maar ook Herman van Veen, het in die afrikaanse musiekgemeenskap baie dinge in ons koppe losgemaak toe hulle hier begin optree het en hulle liefde vir die land begin uitspreek het. Die KKNK het ook vir 'n paar jaar Nederlandse en Vlaamse kunstenaars begin blootstel aan ons gehore. Ek weet dat daar lank reeds litirêre kruisbestuiwing tussen universiteite is met digter/sangers soos Koos Kombuis en Gert Vlok Nel. Kurt Darren, Sonja Herholdt, Steve Hofmeyr, Jannie du Toit en ander is reeds lank in aanvraag daar. Ek het aan die einde van 2001 die voorreg gehad om aan 'n produksie "Ons kruis paaie" by die Oude Libertas-amfiteater in Stellenbosch deel te neem. Die inisiatief het van Stef Bos en ook Marieta Channell van Distell af gekom om 4 vertonings op die planke te bring wat Suid-Afrikaanse en Nederlandse kunstenaars die geleentheid sou gee om saam te werk en kruisbestuiwing (ons kruis paaie) te laat plaasvind. Stef Bos, Frank Boeijen en Denise Jannah het van Nederland oorgekom en van hier te lande was dit ek, Koos Kombuis, David Kramer, Taliep Petersen, en Ray Phiri wat 'n bydrae gelewer het. Ons het vir 10 dae vooraf saamgewerk en gerepeteer en saam met nog drie ander musikante het ons 'n produksie saamgestel en opgevoer wat grootliks ons gesamentlike wortels nagespeur het. Die produksie is destyds deur Hannelie Booyens in die Burger van 8 Desember 2001 as volg beskryf:

"…sowat van aangrypende kruisbestuiwing het lanklaas hier op 'n verhoog gebeur. 'n Mens kan seker wees dat Ons Kruis Paaie 'n rimpeleffek tot gevolg sal hê wat nog lank gevoel sal word -…teen die einde van Ons Kruis Paaie besef 'n mens dat jy 'n getuie was van een die belangrikste musiekgebeure van die afgelope dekade."

Ek glo die verbintenis is reeds gevestig en sal net aanhou groei.

Hoeveel keer het jy al daar opgetree,

[Laurika] Die twee keer soos onder beskryf. Ek het vroeer (1985) in Vlaandere ook opgetree. 'n Dokumentêre program vir Suid-Afrikaanse televisie is van die reis gemaak.

Wanneer was die laaste keer en hoe is jy ontvang?

[Laurika] Ek is genooi deur Gerrit den Braber, 'n destydse omroeper by die Avro Radiostasie, om aan die einde van 1993 in die Prins van Oranje Hal in Leuven by 'n kerskonsert saam met die Metropole-orkes op te tree. Dit was nogal 'n belewenis om saam met bekende Nederlandse kunstenaars by die geleentheid op te tree. Ek het op Gerrit se aandrang "Moenie Weggaan nie" (die Nederlanders is gefassineer deur die dubbele negatief) gesing en ook 'n Afrikaanse kerslied. In Januarie 1994 is ek genooi om by die Jan Tabak-hotel in Bussum 'n paar vertonings saam met my destydse pianis, David Taljaard, te lewer, ter geleentheid van 'n Suid-Afrika-week by die hotel.

Is daar 'n aanvraag vir jou CD's daar?

Ek kry gereeld e-posbriewe uit Nederland om te vra waar hulle my CD's kan koop. Blykbaar word my musiek op van die radiostasies daar gespeel, en word daar op die manier 'n aanvraag vir my musiek geskep. Suid-Afrikaners wat oorgaan stel ook my musiek daar bekend. Ek het ook al gehoor van 'n vlooimark in Amsterdam waar "bootleg" of onwettig gedupliseerde kopieë van my Cd's verkoop word! Ek wens al vir baie jare vir 'n verspreider in die Benelux-lande, maar ek het nie een nie. (*Sien deesdae op my "Koop Hier" bladsy waar jy CD's in Nederland of in die buiteland kan koop. –Laurika)*